# SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NATIONAL SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## TOERISME

## FEBRUARIE/MAART 2015

## MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

| **Onderwerpe in die Toerisme-KABV** | | **Afkorting** |
|---|---|---|
| Onderwerp 1 | Toerismesektore | TS |
| Onderwerp 2 | Kaartwerk en Toerbeplanning | KTP |
| Onderwerp 3 | Toerismebesienswaardighede | TB |
| Onderwerp 4 | Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | VVT |
| Onderwerp 5 | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme | PSI |
| Onderwerp 6 | Kultuur- en Erfenistoerisme | KE |
| Onderwerp 7 | Buitelandsevaluta-verhandeling | BVV |
| Onderwerp 8 | Kommunikasie en Kliëntediens | KK |
| Onderwerp 9 | Bemarking | BM |

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C✓ | PSI | |
| | 1.1.2 | D✓ | PSI | |
| | 1.1.3 | C✓ | TB | |
| | 1.1.4 | A✓ | MPT | |
| | 1.1.5 | A✓ | MPT | |
| | 1.1.6 | A✓ | MPT | |
| | 1.1.7 | B✓ | TB | |
| | 1.1.8 | D✓ | PSI | |
| | 1.1.9 | D✓ | KK | |
| | 1.1.10 | A✓ | VVT | |
| | 1.1.11 | A✓ | KTP | |
| | 1.1.12 | D✓ | TS | |
| | 1.1.13 | A✓ | KTP | |
| | 1.1.14 | D✓ | BM | |
| | 1.1.15 | C✓ | PSI | |
| | 1.1.16 | A✓ | KTP | |
| | 1.1.17 | A✓ | KTP | |
| | 1.1.18 | B✓ | KTP | |
| | 1.1.19 | C✓ | TB | |
| | 1.1.20 | B✓ | VVT | (20 x 1) |
| 1.2 | 1.2.1 | buitelandsevaluta-verhandeling ✓ | BVV | |
| | 1.2.2 | wisselkoerse✓ | BVV | |
| | 1.2.3 | BAK ✓ | BVV | |
| | 1.2.4 | verswakkende rand ✓ | BVV | |
| | 1.2.5 | JPY ✓ | BVV | (5 x 1) |
| 1.3 | 1.3.1 | visum✓ | KTP | |
| | 1.3.2 | Israel✓ | TB | |
| | 1.3.3 | geheime kliënt✓ | KK | |
| | 1.3.4 | Frankryk✓ | BVV | |
| | 1.3.5 | Vredefortkoepel✓ | KE | (5 x 1) |
| 1.4 | 1.4.1 | G✓ | TB | |
| | 1.4.2 | E✓ | TB | |
| | 1.4.3 | D✓ | TB | |
| | 1.4.4 | B✓ | TB | |
| | 1.4.5 | A✓ | TB | (5 x 1)) |
| 1.5 | 1.5.1 | Venesië✓ | TB | |
| | 1.5.2 | Windmeulens✓ | TB | |
| | 1.5.3 | Colosseum✓ | TB | |
| | 1.5.4 | Eiffel✓ | TB | |
| | 1.5.5 | Griekeland✓ | TB | (5 x 1) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE-VALUTA-VERHANDELING

### VRAAG 2

2.1 2.1.1 Gaan 'n land binne by 'n grenspos deur twee grensposhekke, een van die land wat verlaat word✓ en die ander een na die land wat binnegegaan word.✓
ALLE dokumente word nagegaan.✓✓ **KTP**
- 'n Sekuriteitsondersoek op voertuie
- Bagasie word deursoek
- Waar van toepassing, betaal die nodige fooie en belasting
- Verklaring van goedere (4)

2.1.2 Die reisprogram dui alle aspekte van 'n reisiger se dag-vir-dag program aan.✓✓
- Die reisprogram dui die beplande aktiwiteite, akkommodasie, etes, vervoer en opsionele uitstappies aan. **KTP**
- Die reisprogram is die program wat toeriste volg tydens hulle reis wat die reis glad laat verloop. (2)

2.2 2.2.1 Gesondheidsertifikaat✓
Internasionale bestuurspermit✓ **KTP**
- Geelkoorssertifikaat (2)

2.2.2 Reisklinieke✓✓
- Mediese fasiliteite wat reisverwante mediese sorg verskaf. **KTP**

**(MOENIE BLOOT KLINIEKE OF MEDIESE FASILITEITE AANVAAR SONDER REISVERWANTE MEDIESE DIENSTE NIE.)** (2)

2.3 2.3.1 Belastingvrye inkopies is aankope by spesiale winkels wat geen invoerbelasting hef nie.✓✓
- Belastingvrye goedere is goedere wat aangekoop is by 'n belastingvrye winkel waarop 'n toeris nie belasting sal betaal by doeane beheerpunte nie. **KTP**

**(MOENIE 'INKOPIES OP 'N INTERNASIONALE LUGHAWE' AANVAAR NIE.)** (2)

2.3.2 Internasionale treinstasies✓
Luukse passasierskepe in internasionale waters✓ **KTP**
- Vlugte in internasionale lugspasie (2)

2.3.3 Omdat die perk op beperkte goedere oorskry is ✓✓
- Wanneer 'n toeris deur die groen baan beweeg met meer as die toegelate aantal goedere. **KTP** (2)

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.4 | 2.4.1 | Tydsverskil | = | 5 uur✓ | KTP | |
| | | Tyd in Marokko | | 21:00 ( – 5✓) uur | | |
| | | Tyd in Lima, Peru | | 16:00✓ op 17 Januarie 2015 / 17/01/2015 ✓ | | (4) |
| | 2.4.2 | Tydsverskil | | Rabat 0 (DBT word NIE toegepas) | KTP | |
| | | | | Tokio + 9 | | |
| | | | = | 9 uur✓ | | |
| | | Tyd in Rabat | | 21:30 13 Januarie | | |
| | | Tyd in Tokio | | 21:30 (+ 9✓) uur | | |
| | | | = | 06:30 ✓ | | |
| | | Vliegtyd | | 06:30 (– 17 uur 30 minute)✓ | | |
| | | Vertrek vanaf Tokio om | = | 13:00✓ op 13 Januarie 2015 ✓ | | (6) |

**OF**

Vertrek vanaf Tokio om 13:00 op 13 Januarie 2015 ✓✓✓✓✓✓

2.4.3 Om te herstel van vlugvoosheid✓✓ KTP (2)

2.4.4 Om ekstra daglig teen die einde van die dag by te kry sal tot gevolg hê dat (besigheids-) toeriste in meer en langer toerisme aktiwiteite kan meedoen.✓✓

- Toerismebesighede kan hulle werksure verleng en meer wins maak. KTP
- Toerismebesighede wat laatnag nog besigheid doen, kan elektrisiteit bespaar en meer energiedoeltreffend wees. (2)

**[30]**

## VRAAG 3

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | 3.1.1 | Britse Pond✓✓<br>• Pond Sterling<br>• GBP<br>• 15 Pond<br>• 15 GBP | BVV | (2) |
| | 3.1.2 | GBP 15 x✓ 15.32✓ (BAK)<br>=ZAR 229.80✓<br>(twee desimale plekke om sente aan te dui) | BVV | (3) |
| | 3.1.3 | ZAR 7 000 ÷ ✓ 9.89✓ (BVK)<br>=VSD 707.79 ✓(korrek afgerond) | BVV | (3) |
| 3.2 | 3.2.1 | R10 ✓✓ | BVV | (2) |
| | 3.2.2 | skommeling✓✓ | BVV | (2) |
| | 3.2.3 | (a) 29 September✓<br>• 1 Oktober<br>Meer as 10.10✓<br>(Enige koers tussen 10.10 en 10.15, insluitend die eerste en laaste waardes in hierdie reeks is aanvaarbaar) | BVV | (2) |
| | | (b) 23 Oktober✓<br>Minder as 9.75 ✓<br>(Enige koers tussen 9.70 en 9.75, insluitend die eerste en laaste waardes in hierdie reeks is aanvaarbaar) | BVV | (2) |
| | 3.2.4 | Toeriste mag hulle verblyf verleng ✓✓<br>Toeriste kan hulle oorspronklike begrotings behou en meer geld hê om te spandeer. ✓✓<br>• Toeriste sal in staat wees om hulle oorspronklike begroting te verklein en so hulle reis goedkoper maak.<br>• Toeriste sal hierdie geleentheid gebruik om meer buitelandse valuta aan te koop wat benodig word vir die voorgenome reis. | BVV | (4)<br>**[20]** |

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 4.1.1 A – 2✓ **TB**
B – 3✓ (2)

4.1.2 A – Hierdie toeris stel belang in Moslemgeskiedenis, -kultuur en Islamitiese argitektuur by die Blou Moskee. **TB**
- Die toeris wil graag by die Blou Moskee bid. ✓✓ (2)

B – Hulle wil deelneem aan uitdagende en ongewone ervarings op Tafelberg wat opwinding en gevaar insluit.✓✓ **TB** (2)

4.2 4.2.1 Die Canyon strek oor lang afstande wat besoekers in staat stel om 'n paar terreine op die roete te besoek. ✓✓
Bied 'n wye reeks gewilde aktiwiteite om aan deel te neem terwyl hulle op die roete is, voorbeeld witwaterroeiritte, helikoptertoere, voetslaanroetes, fotografie. ✓✓
- Bestaan uit verskillende rotslae wat 'n belangrike terrein vir geologiese navorsing is. **TB**
- Besigtig diverse ekosisteme wat in die canyon voortbestaan.
- Nuuskierigheid om die grootse canyon in die wêreld te sien.
- Dit is 'n Wêrelderfenisterrein. (4)

4.2.2 Die besienswaardigheid was nie vir die publiek oop nie, dit was gesluit vir opgraderingswerk. ✓✓ **TB** (2)

4.3 Die instelling en implementering van volhoubare afvalbestuur stelsels. ✓✓
Betrek alle rolspelers, insluitend plaaslike gemeenskappe, plaaslike regering en plaaslike entrepreneurs om saam te werk om die area te beskerm. ✓✓
Hou gereelde skoonmaaksessies op Berg Everest. ✓✓
Vestig herwinningsfasiliteite al langs die klimroetes. ✓✓ **TB**
Die regering kan beleidstukke saamstel, implementeer en monitor vir verantwoordelike afvalbestuur in die streke wat betrokke is. ✓✓
- Bewusmakingsprogramme/kapasiteitsontwikkeling, opleiding in moderne afvalbestuur en herwinningstegnieke moet vir plaaslike gemeenskappe aangebied word om kennis en kapasiteit te verbeter.
- Media veldtogte kan gereël word om bewustheid te skep. (10)

4.4 4.4.1 Stel die ontwikkeling van nuwe besienswaardighede ten toon. ✓✓

- Verskillende kaartjiepakkette.
- Stel 'n nuwe webtuiste bekend, kommunikeer deur Facebook en Twitter. **TB**
- Fokus op aandvermaak.
- Gee terug aan gemeenskappe in die vorm van geborgde besoeke. (2)

4.4.2 Besoek die temapark waar fasiliteite/uitstallings gereeld onderhou word. ✓✓

- Toegewysde personeel/vrywilligers wat besoekers bystaan om die beste uit hulle see-wêreld ervaring te kry. **TB**
- 'n Verskeidenheid pret-aktiwiteite (2)

**[26]**

## VRAAG 5

5.1 5.1.1 A – Mapungubwe Kulturele Landskap✓
B – Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap✓ **KE**
C – Robbeneiland✓
D – UKahlamba Drakensberg Park ✓ (4)

5.1.2 A – Bevat bewyse van menslike kulturele aktiwiteite oor 'n tydperk wat lei na kulturele en maatskaplike veranderings tussen 900 AD en 1300 AD.✓✓

- Oorblyfsels in die omgewing dien as bewyse vir die groei en afname in die kulture/beskawings wat in die Mapungubwe Staat bestaan het. **KE**
- Mapungubwe het as 'n kragtige handelstaat deur Oos-Afrika hawens met Arabië en Indië gedien.
- Die oorblyfsels wat gevind is dui op die invloed van klimaatsverandering en op die groei en aftakeling van die Mapungubwe Koninkryk. (2)

C – Geboue op Robbeneiland dien as bewyse van ons geskiedenis.✓✓

- Robbeneiland simboliseer vryheid en demokrasie oor verdrukking wat uit ons geskiedenis van Apartheid voortspruit en wat van universele belang is. **KE**
- Gevangenisterrein waar Nelson Mandela vir 20 jaar aangehou is. (2)

5.2 Invloei van besoekers aan die provinsies om Wêreld Erfenis Terreine te besoek sal tot verhoogde toeriste inkomste lei.✓✓
'n Gevoel van eienaarskap/trots op die erfenis binne die plaaslike gemeenskap. ✓✓
Opwaartse groei in ekonomiese aktiwiteite lei tot verhoging in die BBP, wat vir alle ondernemings in die omgewing voordelig is.✓✓ **KE**

- 'n Toename in besoekersgetalle sal die vermenigvuldigereffek laat plaasvind.
- Moedig nouer samewerking aan tussen alle belanghebbendes.
- Verhoogde besoekergetalle sal nuwe werksgeleenthede tot gevolg hê as gevolg van 'n verhoogde vraag na dienste. (6)

**[14]**

**VRAAG 6**

6.1 Internasionale-/streeksaankopers/uitstallers en kopers ✓✓ **BM**

**(MOENIE 'SLEGS BESOEKERS AANVAAR NIE'.)** (2)

6.2 6.2.1 Plaaslik – Getaway Skou✓
6.2.2 Internasionaal – ITB (Berlin)✓ **BM**

- World Travel Market (2)

6.3 Skep netwerk- en handelsgeleenthede. ✓✓
Gee blootstelling aan Suid-Afrika as 'n voorkeurbestemming regoor die Afrika-kontinent. ✓✓ **BM**
Beter produkontwikkeling. ✓✓ (6)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

## VRAAG 7

7.1 7.1.1 Avontuurtoerisme✓✓ **TS**
- Reksponge (2)

7.1.2 Gevaarlike hoogtes✓✓
- Onaangename klimaatstoestande **TS**
- Onverantwoordelike toeriste optrede (2)

7.1.3 Die werkgewer moet …
die korrekte veiligheidtoerusting verskaf.✓✓
toesien dat die infrastruktuur onderhou word.✓✓
- streng reëls toepas ten opsigte van veiligheid. **TS**
- versekering hê wat aan werknemers dekking bied teen werksverwante ongelukke.
- verseker dat werknemers liggaamlik fiks is.
- verseker dat die werknemer deeglike opleiding ontvang het. (4)

7.1.4 Die maatskappy kan 'n stel omgewingsbewaringsreëls hê wat toeriste se optrede kan reguleer terwyl hulle op die terrein is.✓✓
Die maatskappy kan 'n omgewingsimpakstudie doen voor die besigheid uitgebrei word soos om byvoorbeeld groter strukture op te rig.✓✓ **TS**
- Bou strukture wat sal inskakel by die natuurlike omgewing. (4)

**[12]**

## VRAAG 8

8.1 Beeld:
Die plakkaat toon hoe vlambare natuurlike gas en stowwe wat water kan besmet in ons drinkwater kan beland as gevolg van hidrobreking. ✓✓
- Die gas is ontvlambaar en kan ontploffings en brande in ons huise veroorsaak.
- Water kan besmet/ besoedel word en sal nie geskik wees om te drink nie.
- Dit kan brande veroorsaak.

Boodskap:
Die plakkaat dring aan dat die regering nie hidrobreking toelaat nie as gevolg van die risiko's vir ons huise en gesinne.✓✓
- Die plakkaat toon die kommer oor die onverantwoordelike optrede van die regering deur hidrobreking toe te laat.
- Die plakkaat waarsku besluitmakers om nie hidrobreking in Suid-Afrika toe te laat nie. (4)

8.2 Drinkwater sal besoedel word✓✓

- Gas lekkasies/ brandgevaar
- Besmetting van water
- Minder besoekers

VVT (2)

8.3 Maatskaplik:
Menses al verskuif moet word. ✓✓

- Drinkwater sal in gedrang wees
- Sal gesondheidskwessies tot gevolg hê.
- Verlies van werksgeleenthede in die toerismebedryf

Omgewing:
Brande sal die ekosisteem vernietig✓✓

- Natuurlike waterbronne sal besoedel word
- Flora en fauna sal verwoes word
- Kan lei tot natuurlike rampe soos modderstortings, sinkgate
- Die bedryf van die hidrobrekingsproses gaan groter vervoeraktiwiteit tot gevolg hê wat die omgewing nog verder gaan verwoes.

VVT

Ekonomies:
Vereis arbeid wat oor hoë vaardighede beskik✓✓

- Beperkte geleenthede vir plaaslike indiensneming
- Wins bly in die hande van 'n paar mense
- Winste bly nie in die gemeenskappe nie, as gevolg van lekkasies
- Dis 'n korttermynontwikkeling wat nie volhoubaar is nie. (6)

8.4 Ons energiekrisis sal oorkom word as gevolg van die bykomende gasbronne wat broodnodige energie teen bekostigbare pryse verskaf kan word.✓✓

- Die gasbronne kan energie verskaf aan behoeftige huisgesinne en so help om armoede te verlig. VVT
- Hidrobreking sal broodnodige werksgeleenthede skep in hierdie deel van die Karoo. (2)

8.5 Gemeenskappe kan openbare protesaksies organiseer.✓✓
Gemeenskappe kan ontwikkeling in die area boikot.✓✓

- Gemeenskappe kan bewustheid skep en inligting oor die gevare van hidrobreking versprei. VVT
- Toeriste kan aksies en inisiatiewe teen hidrobreking ondersteun. (4)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

## VRAAG 9

9.1 **Vaardigheidsontwikkeling**

Ter voorbereiding vir die gebeurtenis, is veelvuldige vaardighede voor die gebeurtenis, gedurende die gebeurtenis en na gebeurtenis nodig, wat vaardigheidsontwikkeling tot gevolg het✓ van die mense van die gasheerland. Met die nuwe vaardighede wat aangeleer is, hulle kan aanbeweeg na beter loopbaangeleenthede, en sodoende hulle lewens verbeter. ✓

**Kort- en langtermyn werkverskaffing**

Deur 'n gebeurtenis aan te bied beteken bykomende arbeid op vele gebiede. Dit beteken dat mense op korttermyn basis in diens geneem word✓ ter voorbereiding van die gebeurtenis of gedurende die gebeurtenis. Dit gee aan hulle die geleentheid om 'n inkomste te verdien wat 'n beter lewe vir hulle beteken. Dit kan ook tot gevolg hê dat nuwe besighede open wat 'n behoefte aan langtermyn werksgeleenthede sal skep. ✓ PSI

**Infrastruktuurontwikkeling**

Die aanbied van 'n Wêreldgebeurtenis vereis die oprigting en opgradering van stadions✓ waar die gebeurtenis gaan plaasvind. Dit lei tot 'n groter vraag na opgeleide en onopgeleide arbeid – dus werksgeleenthede, ✓ wat onmiddellik 'n beter lewensstandaard tot gevolg sal hê vir die inwoners van die land.

- Ondersteunende infrastruktuur soos akkommodasie en vervoer word ook ontwikkel en opgegradeer wat beteken plaaslike inwoners baat ook by nuwe ontwikkeling. (6)

9.2 Vlugte word gekanselleer✓
Bespreking word gekanselleer✓
Toeriste sal gestrand gelaat word✓

- Toeriste besienswaardighede sal ontoeganklik wees. PSI
- Dit word gevaarlik vir toeriste om te reis
- Skade aan infrastruktuur en die omgewing
- Kragonderbrekings (3)

9.3 9.3.1 Wêreld – 980 miljoen✓
Suid-Afrika – 8.34 miljoen✓ PSI (2)

9.3.2 Bo-die -lyn en onder-die-lyn promosietegnieke ✓✓
Spesiale aanbiedings ✓✓ PSI

- Afslag vir grootmaat aankope
- Verpakking van veelvuldige toerismeprodukte (4)

**[15]**

**VRAAG 10**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10.1 | Kliënteterugvoer ✓✓ | KK | (2) |
| 10.2 | Om te bepaal of hulle kliënte tevrede is of nie. ✓✓ | KK | (2) |
| 10.3 | Die gas was baie tevrede met die ontvangs wat hy of sy gekry het. ✓<br>Die gas was nie tevrede met die kwaliteit van die huishouding en kamerdiens nie.✓✓<br><br>(Die antwoorde van die leerders moet 'n deeglike analise wees waar hulle in staat is om positiewe sowel as negatiewe terugvoer te kan identifiseer.) | KK | (4) |
| 10.4 | Lei personeel weer op of stuur personeel vir in-diensopleiding✓✓<br>Die uitvoerende huishoudster of toesighouer moet gereelde inspeksies van kamers doen.✓✓ | KK | (4) |
| 10.5 | Verlies aan gaste✓<br>Verlies aan wins in die besigheid✓<br>Verlies aan inkomste✓<br>• Negatiewe mondelinge publisiteit<br>• Verlies aan terugkeerbesoeke | KK | (3)<br>**[15]** |

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou